DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# BEES-BULLETIN

## DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Februarie 2026

'Moet jou nie bekommer oor die dag van more nie'. Dit staan DAAR geskryf en word dikwels deur ieder en elk as advies aangebied. Help dit ooit? Wie weet hoe erg die situasie regtig is? Daar is 'n swetterjoel vrae wat deurgaans opduik. Is jou diere gesond? Is jy seker, wanneer laas was jy daar? Waarvoor moet jy oplet, wat is die eerste simptoom? Is die immunisasies in plek, het ek AL die diere gespuit, kon ons hierdie keer die koue ketting handhaaf ?

Het ek nog 'n ivermektien oor na die vorige vryfsessies tydens die Covid-epidemie, waar het ek dit later gepak toe gesonde verstand begin seëvier het? Moet ek Dettol koop, hoeveel liter en waar kry ek so baie so vinnig in die hande? (Ja, Dettol) As jy dit glo sal jy ook glo dat 'n mondvol Jik sal help om die alewige sooibrand weg te vat. Soos mense wat rooipeper drink, met warm water nogal, om die pyn van 'n maagseer teen te werk. Dit sal nie help nie, maak nie saak wat hulle se nie!


Wie gaan die entstof eerste kry? Deur watter roete gaan dit gebeur, openlik of obskuur? Met betaling of deur die hoog effektiewe staatsmasjien te vertrou? Dieselfde groepering wat obp (ek het nie genoeg respek om dit met hoofletters te tik nie), afgetakel het en afgetakel hou. Die respek en vertroue wat daar eens was, word deur die droë westewind weggevat. In sekere streke word gesaaides deur stresvolle tye gesit, baie soos die narre wat hoog op is in die sekuriteitstrukture in ons eens wonderlike land. Daar word gesweet en gespartel, die vorige liegstorie moet darem pas by die huidige een wat ek vertel. As ek net kan onthou! Die Blue Label het ook in dik strome gevloei met tye. Nou sit ek voor die Madlanga kommissie, lastige vrae wat gevra word.

Keuringstoere en diere samekomste word met versigtigheid benader, is dinge in Juniemaand al onder beheer? Wie sal bepaal, wie sal weet? Positiewe denke en ondersteuning aan mekaar is wat ons as Drakensbergerboere goed kan doen, met DIE RAS VAN KEUSE. Die Drakensberger bees leen hom by uitstek vir voortgesette en volhoubare teling, met die wysheid en die insig om 79 jaar gelede al, die bees die WINSBEES te noem. Uitstekend. Nou is daar 'n vrolike liedjie saamgestel, uit eie geledere, dankie daarvoor. Dinge gaan van krag tot krag.

Voorspoed vir almal toegewens, sterkte en beste wense.

J F

# Met dank aan Rouvus, ons Februarie-borg




## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: Rouvus | 2 |
| Nuusbrokkies | 3 |
| Gesels met Werner Krynauw | 4 |
| Die effek van lek-byvoeding na speen op ... vervangingsverse | 6 |
| Boer vooruit | 10 |
| Voerkraalnommers | 11 |
| Borge | 13 |
| Stoettelers | 14 |

# Nuusbrokkies

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in Februarie verjaar:

- 7 Februarie - Marthin van Vreden
- 15 Februarie - Ingrid de Bruyn
- 21 Februarie - Udo Beneke
- 22 Februarie - Jan-Louis Wessels
- 22 Februarie - Callie Watermeyer
- 24 Februarie - Willem Retief
- 28 Februarie - Carel Hancke

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## KUIER SAAM OP ONS Sosiale media

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

**Die BGP2-program se tweede rondte is aan die gang. Maak gebruik van hierdie toetse om die beste uit jou beeste na vore te bring. Die koste hiervoor is R448.00 + BTW.**
**Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.**

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974    071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## VOLG ONS OP YOUTUBE

**Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.**

**Gaan maak 'n draai by https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos**

## *Unistel DNA-toetse*

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.) |
| --- | --- |
| Normale prys vir 2026 < 30 | R 282.56 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 268.43 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 261.36 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 254.30 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.



# Gesels saam met Werner Krynauw





**Wie is jy?**
My naam is Werner Krynauw en ek is die teler van die Groenvlei Drakensberger Stoet.

**Waar boer jy?**
Ek boer tussen Belfast en Dullstroom in Mpumalanga, op die Oostelike Hoëveld, aan die voet van die Steenkampsberge.

**Hoe het jy begin boer?**
Ek het in Pretoria grootgeword, maar het die meeste naweke van my kinderjare op die plaas deurgebring. In die laat 1980's het ons familie die eerste stuk grond in die gebied bekom, waarna my pa 'n paar jaar later deeltyds begin boer het met Vleis Merino-skape en kommersiële Drakensberger beeste. Hoewel ek nog baie jonk was, het hierdie naweke op die plaas 'n groot rol gespeel om my liefde vir boerdery te kweek en 'n ontsnapping van die stad te bied.

Met verloop van tyd is daar, weens ernstige veediefstal in die omgewing, van die skape en beeste ontslae geraak en is die boerdery omgeskakel na wildsboerdery. Die fokus het vir 'n geruime tyd geskuif na vlieghengel en jag as hoofbedrywe.



Tydens my hoërskooljare het ek self begin om jagters, hoofsaaklik plaaslike biltongjagters, uit te vat en sodoende al hoe meer betrokke geraak by die boerdery. Met die aanvang van my universiteitsjare het ons 'n Free Range-hoenderboerdery begin met die doel om eiers vir die Gauteng-mark te produseer.

Die Groenvlei Drakensberger Stoet het in 2012 ontstaan met die aankoop van my eerste stoetkoeie uit die kudde van Jimmy Roos, en is in 2013 amptelik geregistreer. Daarna is die kudde verder uitgebou met diere van oom John Roos van Buffalo Valley, sowel as diere van Petrus Taljaard van Talman Drakensbergers.

**Boer jy met nog iets?**

Ja, benewens die Drakensberger stoet boer ek ook met Free Range-lêhenne, met 'n fokus op eierproduksie. Ons teel en maak ook ons eie lêhenne groot vanaf dag-oue kuikens.

**Wat geniet jy die meeste van jou boerdery?**

Vir my is die uitdagings wat boerdery meebring deel van die lekker daarvan. Wat dit egter besonders maak, is die opwinding van nuwe kalfies wat gebore word en om te sien hoe vorige seisoene se besluite uiteindelik vrugte afwerp. Die energie van bulle wat op pad is na die koeie vir die dekseisoen, asook laatmiddae in die veld tussen die beeste, waar kalfies speel en die kudde rustig wei, is vir my van die grootste genot. Dit is moeilik om net een aspek uit te sonder, aangesien daar soveel is om te waardeer en te geniet in die boerdery.



## *Ons wil graag van jou hoor!*

Vertel ons van jou boerdery, die uitdagings en vreugdes, die alledaagse. Dit kan lank of kort wees (daar is geen beperkings nie), en stuur asseblief 'n paar foto's saam.
Kontak die kantoor vir navrae by drakensberger@studbook.co.za of stuur direk aan Fransa: fransa.vorster@gmail.com





# DIE EFFEK VAN LEK-BYVOEDING NA SPEEN op die ontwikkeling van vervangingsverse

*Deur Liesel Foster*

## Inleiding

’n Voldoende vlak van voeding is noodsaaklik vir goeie prestasie van verse in hul eerste en daaropvolgende produksiesiklusse as koeie. Die effek van byvoeding moet weerspieël word in terme van diereproduksie. Die teenprestasie is ’n positiewe liggaamsgewigverandering en ’n toename in reproduksie. Die opbrengste moet ten minste die koste van byvoeding regverdig.

Streekverskille in die ouderdom waarop verse vir die eerste keer aan ‘n bul blootgestel word, hang af van bestuurstelsels, voerkwaliteit en -beskikbaarheid, sowel as die aanpassing van ’n ras by omgewingstoestande. Die ekonomiese voordeel van vroeë teel en kalwing word in sommige gevalle verydel deur biologiese beperkings van die dier en bestuursbeperkings van die omgewing.

Die doel van die navorsing was om ’n koste-effektiewe lek-byvoedingsprogram te identifiseer vir die grootmaak van vervangingsverse in terme van die gewigstoenames en liggaamskondisietellings (LKT) wat nodig is om tweejarige verse op oorgang Cymbopogon-Themeda veld (gemengde veld) dragtig te kry.

## Metode

Die navorsing is in die Zastron distrik gedoen wat in die suid-oos Vrystaat geleë is. Die gemiddelde reënval is 550 mm. Die weiding is tipies van gemengde Terpentyn-Rooigras veld met ‘n drakrag van tussen 5 tot 7 ha/GVE.

Gespeende Drakensberger verse 6-7 maande oud wat op die plaas gebore is, is in die navorsing gebruik. ‘n Drie-fase lek-byvoedingsprogram is gebruik waar die produksiejaar in drie periodes verdeel is, naamlik ‘n groen seisoen (mid-Desember tot Maart), vroë-droëseisoen (April tot Julie), en laat-droëseisoen (Augustus tot mid-Desember). Die lekke wat gebruik is, is lekke wat algemeen deur boere gebruik word en ook dikwels deur diere voedingskundiges aanbeveel word. Die vlak van energie-byvoeding was laag in vergelyking met die dier se daaglikse behoeftes. Nietemin is dit tipies van vlakke wat onder praktiese boerdery toestande gebruik word. Lekke is op die plaas gemeng en lek inname is akkuraat op kudde vlak gemeet. Lekke is *ad. lib.* gevoer maar het nooit die maksimum aanbevole innames oorskry nie. Lekkebakke is twee weekliks vol gemaak.



**Tabel 1** *Rou-materiaal insluiting (kg), voedingswaarde en aanbevole daaglikse innames van die laat droëseisoen lekke (g/GVE/dag).*

| | Behandeling 1 (B1) | Behandeling 2 (B2) | Behandeling 3 (B3) |
|---|---|---|---|
| | *Rou materiaal insluiting (kg)* | | |
| Mielies/chop | 300 | 450 | 120 |
| Katoenoliekoek | 400 | 200 | - |
| Voergraad Ureum | 50 | 100 | 100 |
| Kimtrafos P12 | 75 | 100 | 100 |
| Kalori 3000 | 25 | 50 | - |
| Voergraad Swael | 3 | 5 | 5 |
| Sout | 200 | 300 | 300 |
| | *Beraamde samestelling* | | |
| Ru-proteien (%) | 30.60 | 32.91 | 47.51 |
| Vanaf NPN (%) | 47.40 | 70.72 | 95.86 |
| ME (MJ/kg) | 7.40 | 6.89 | 2.40 |
| Ca (%) | 1.90 | 2.28 | 3.36 |
| P (%) | 1.30 | 1.25 | 2.57 |
| | *Aanbevole daaglikse inname (g/GVE/dag)* | | |
| | 1000 - 2000 | 600 - 700 | 350 - 500 |

**Tabel 2** *Rou-materiaal insluiting (kg), voedingswaarde en aanbevole daaglikse innames van die groen-seisoen lekke (g/GVE/dag).*

| | Behandeling 1 (B1) | Behandeling 2 (B2) | Behandeling 3 (B3) |
|---|---|---|---|
| | *Rou materiaal insluiting (kg)* | | |
| Voermol Superfos® | - | 50 | - |
| Mielies/chop | 700 | - | - |
| Katoenoliekoek | 200 | - | - |
| Voergraad Ureum | 25 | - | - |
| Kimtrafos P12 | 100 | - | 500 |
| Kalori 3000 | 25 | - | - |
| Voergraad Swael | 5 | - | 50 |
| Sout | 200 | - | 450 |
| | *Beraamde samestelling* | | |
| Ru-proteien (%) | 16.40 | 15.00 | - |
| Vanaf NPN (%) | 37.00 | 13.60 | - |
| ME (MJ/kg) | 9.00 | - | - |
| Ca (%) | 2.10 | 8.00 | 12.00 |
| P (%) | 1.30 | 5.00 | 6.00 |
| | *Aanbevole daaglikse inname (g/GVE/dag)* | | |
| | 1000 - 1500 | 120 - 240 | 100 - 240 |

**Tabel 3** *Rou-materiaal insluiting (kg), voedingswaarde en aanbevole daaglikse innames van die droeë-seisoen lekke (g/GVE/dag).*

| | Behandeling 1 (B1) | Behandeling 2 (B2) | Behandeling 3 (B3) |
|---|---|---|---|
| | *Rou materiaal insluiting (kg)* | | |
| Mielies/chop | 120 | 120 | 120 |
| Katoenoliekoek | - | - | - |
| Voergraad Ureum | 100 | 100 | 100 |
| Kimtrafos P12 | 100 | 100 | 100 |
| Kalori 3000 | - | - | - |
| Voergraad Swael | 5 | 5 | 5 |
| Sout | 300 | 300 | 300 |
| | *Beraamde samestelling* | | |
| Ru-protein (%) | 47.51 | 47.51 | 47.51 |
| Vanaf NPN (%) | 95.86 | 95.86 | 95.86 |
| ME (MJ/kg) | 2.40 | 2.4 | 2.4 |
| Ca (%) | 3.36 | 3.36 | 3.36 |
| P (%) | 2.57 | 2.57 | 2.57 |
| | *Aanbevole daaglikse inname (g/GVE/dag)* | | |
| | 350-500 | 350-500 | 350-500 |



**Tabel 4** *Opsomming van lek tipes per behandelingsgroep.*

| | Behandeling 1 | Behandeling 2 | Behandeling 3 |
|---|---|---|---|
| 1 Aug tot mid-Des | Winter produksielek | Laat droëseisoen lek | Winter onderhouds-lek |
| Mid-Des tot Maart | Somer produksielek | P6 lek + 15% Proteine | P6 lek |
| April tot Julie | Winter onderhouds-lek | Winter onderhouds-lek | Winter onderhouds-lek |

Veld is bestuur volgens die drie-kamp Elionorus (Koperdraad) bees weidingstelsel wat deur Dr. Mias van der Westhuizen ontwikkel is. Veelading is gehou op 7.2 ha/GVE. Troppe is elke twee weke tussen kampe geroteer om kampeffek uit te skakel.

## Resultate en bespreking

Die gemiddelde gewigte (kg), gewig-toenames en -verliese vir al drie behandelingsgroepe word in Table 5 getoon asook die gemiddelde kondisietellings in Tabel 6. Jaar het 'n beduidende invloed op die effek van lek-byvoeding op die prestasie van al drie groepe gahad. Dit word veronderstel dat variasie in die totale reënval en reënval verspreiding tussen jare, wat weer 'n invloed op beskikbare weibare ruvoer gehad het, die rede hiervoor was.

In Jaar 1 is geen betekenisvolle verskille in totale gewigstoename, eind gewigte en liggaamskondisietelling (BCS) tussen groepe gemeet nie.

In Jaar 2 was die totale gewigstoename van B2 betekenisvol meer as die gewigstoename van B3. Die eind gewigte van B1 en B2 was ook betekenisvol meer as die van B3. Tenspyte van die kompensatoriese-groei in die lente van Jaar 2, kon die diere in B3 nie by hou met die totale gewigtoename van B1 en B2. Die periode van laer gewigs toename van B3 in vergelyking met B 1 en B2 het saamgeval met 'n tekort aan weibare material. Geen verskille in laagaamskondisietelling (LKS) is gemeet tussen behandelingsgroepe in Jaar 2 (sien Tabel 6).

In Jaar 3 het B1 betekenisvol meer gewig opgetel as B2 en B3 en het ook aan die einde van die Jaar meer geweeg as B2 en B3. Dit is vanselfsprekend dat wanneer daar 'n tekort aan gras is (soos in Jaar 2 en 3) gedurende die aanpassings fase, totale herstel nie moontlik is nie.

**Tabel 5** *Gemiddelde gewigte en gewig toenames / verliese van die verskillende lek behandelingsgroepe vanaf Augustus 2011 tot Julie 2014*

| Behandeling | B1 | B2 | B3 |
|---|---|---|---|
| | Gemiddelde gewig (kg) | Gemiddelde gewig (kg) | Gemiddelde gewig (kg) |
| | *1 Augustus 2011 tot 31 Julie 2012* | | |
| Laat winter (Aug) | $234^{a}$ ± 17 | $220^{b}$ ± 13 | $223^{ab}$ ± 12 |
| Lente (Nov) | $279^{a}$ ± 18 | $261^{b}$ ± 15 | $271^{ab}$ ± 16 |
| Somer (Mar) | $344^{a}$ ± 19 | $327^{ab}$ ± 21 | $323^{b}$ ± 21 |
| Winter (Jul) | 360 ± 21 | 350 ± 28 | 343 ± 19 |
| Gewig toename Aug tot Nov | $45^{ab}$ ± 9 | $41^{a}$ ± 6 | $48^{b}$ ± 7 |
| Total gewig toename | 125 ± 10 | 130 ± 13 | 120 ± 12 |
| | *1 Augustus 2012 tot 31 Julie 2013* | | |
| Laat winter (Aug) | $232^{a}$ ± 26 | $215^{ab}$ ± 14 | $209^{b}$ ± 18 |
| Lente (Nov) | 268 ± 34 | 264 ± 16 | 257 ± 22 |
| Somer (Mar) | $369^{a}$ ± 33 | $357^{a}$ ± 23 | *$334^{b}$ ± 23 |
| Winter (Jul) | $361^{a}$ ± 43 | $351^{a}$ ± 27 | $328^{b}$ ± 27 |
| Gewig toename Aug tot Nov | *$36^{a}$ ± 13 | $49^{b}$ ± 7 | $48^{b}$ ± 7 |
| Total gewig toename | $129^{ab}$ ± 20 | $136^{a}$ ± 20 | $119^{b}$ ± 14 |
| | *1 Augustus 2013 tot 31 Julie 2014* | | |
| Laat winter (Aug) | 214 ± 15 | 214 ± 13 | 212 ± 11 |
| Lente (Nov) | **$253^{a}$ ± 17 | $229^{b}$ ± 14 | $228^{b}$ ± 17 |
| Somer (Mar) | *$354^{a}$ ± 19 | $329^{b}$ ± 18 | $327^{b}$ ± 20 |
| Winter (Jul) | $356^{a}$ ± 22 | $334^{b}$ ± 23 | $328^{b}$ ± 19 |
| Gewig toename Aug tot Nov | ***$39^{a}$ ± 6 | $9^{b}$ ± 5 | $16^{c}$ ± 9 |
| Total gewig toename | *$142^{a}$ ± 18 | $120^{b}$ ± 16 | $115^{b}$ ± 12 |

$^{ab}$ Gemiddeldes in dieselfde ry met verskillende bo-skrifte verskil betekenisvol: $P < 0.05$; *$P < 0.01$; **$P < 0.001$; *** $P < 0.0001$



**Tabel 6** *Gemiddelde liggaamskondisietelling (BCS) van die verskillede lek bestuursgroepe vanaf Augustus 2011 to Julie 2014*

| Behandeling | B1 | B2 | B3 |
|---|---|---|---|
| | Gemiddelde BCS | Gemiddelde BCS | Gemiddelde BCS |
| | *1 Augustus 2011 tot 31 Julie 2012* | | |
| Laat winter (Aug)<br>Lente (Nov)<br>Somer (Mar)<br>Winter (Jul) | **4.58$^{a}$ ± 0.51<br>**5.83$^{a}$ ± 0.39<br>6.08$^{a}$ ± 0.29<br>4.17$^{a}$ ± 0.39 | 3.42$^{b}$ ± 0.51<br>5.00$^{b}$ ± 0.00<br>5.92$^{a}$ ± 0.29<br>3.92$^{a}$ ± 0.29 | 3.08$^{b}$ ± 0.29<br>4.92$^{b}$ ± 0.67<br>5.83$^{a}$ ± 0.39<br>4.00$^{a}$ ± 0.00 |
| | *1 Augustus 2012 tot 31 Julie 2013* | | |
| Laat winter (Aug)<br>Lente (Nov)<br>Somer (Mar)<br>Winter (Jul) | 4.08$^{a}$ ± 0.28<br>4.69$^{a}$ ± 0.63<br>6.00$^{a}$ ± 0.58<br>5.23$^{a}$ ± 0.60 | 4.00$^{a}$ ± 0.00<br>4.58$^{a}$ ± 0.51<br>6.00$^{a}$ ± 0.42<br>5.00$^{a}$ ± 0.43 | 4.00$^{a}$ ± 0.00<br>4.86$^{a}$ ± 0.36<br>5.86$^{a}$ ± 0.53<br>5.00$^{a}$ ± 0.55 |
| | *1 Augustus 2013 tot 31 Julie 2014* | | |
| Laat winter (Aug)<br>Lente (Nov)<br>Somer (Mar)<br>Winter (Jul) | 5.00$^{a}$ ± 0.00<br>*4.60$^{a}$ ± 0.51<br>6.73$^{a}$ ± 0.46<br>4.33$^{a}$ ± 0.49 | 5.00$^{a}$ ± 0.00<br>4.13$^{b}$ ± 0.35<br>6.73$^{a}$ ± 0.46<br>4.20$^{a}$ ± 0.56 | 5.00$^{a}$ ± 0.00<br>4.53$^{a}$ ± 0.52<br>6.67$^{a}$ ± 0.49<br>4.27$^{a}$ ± 0.46 |

$^{ab}$ Gemiddeldes in dieselfde ry met verskillende bo-skrifte verskil betekenisvol: $P < 0.05$;* $P < 0.01$; ** $P < 0.0001$

Die B1 groep, wat lekke met 'n hoër ME en 'n laer fraksie proteien vanaf NPN bronne gehad het in die laat winter (sien Tablle 2, 3 and 4), het deurentyd hoër LKT gehad as B2 en B3, alhoewel die verskil nie altyd betekenisvol was nie.

Die drie-jaar gemiddelde lek innames (g/dier/dag) asook die koste (pryse soos op 1 Maart 2023) van die lekke (R/dier/lek periode) word in Tabel 7 aangetoon.

**Tabel 7** *Gemiddelde lek inname (g/vers/dag) asook lek koste (pryse soos 1 Maart 2023)*

| (g/vers/dag) | Laat winter (137 dae) | | | Somer (106 dae) | | | Winter (123 dae) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B1 | B2 | B3 | B1 | B2 | B3 | B1 | B2 | B3 |
| Lek inname (g/ag) | 657 | 299 | 167 | 380 | 100 | 64 | 192 | 192 | 192 |
| Koste (R/vers/seisoen) | R665 | R267 | R140 | R245 | R106 | R49 | R145 | R145 | R145 |
| Koste (R/Vers/dag) | R4.85 | R1.95 | R1.02 | R2.31 | R1.01 | R0.46 | R1.18 | R1.18 | R1.18 |
| | Behandeling 1 | | | Behandeling 2 | | | Behandeling 3 | | |
| Jaarlikse lekkoste/dier | R 1 055 | | | R518 | | | R 334 | | |

Die gekombineerde produksie- en ekonomiese data beklemtoon die belangrikheid van die keuse van die korrekte grootmaakstrategie vir vervangingsverse. Die resultate van hierdie navorsing dui daarop dat die optimale byvoedingsstrategie vir die grootmaak van verse in 'n jaar van normale reënval op Cymbopogon-Themeda oorgangsveld in 'n goeie toestand Behandeling 3 (B3) sou wees. Wanneer reënval en beskikbaarheid van weibare ruvoer beperkende faktore word, word beter produksie verkry deur verse volgens Behandelings 2 (B2) en 3 (B3) lek te verskaf. As gevolg van die hoë innames en gevolglike hoër koste van die aanvullings wat aan Behandeling 1 (B1) gebied is, sou diere wat hierdie aanvullings ontvang het, aansienlik beter moes presteer as eerstekalfverse en koeie as dié wat volgens die behanelings van B2 en B3 grootgemaak is.

Proteïen is 'n noodsaaklike komponent van 'n winter onderhoudslek aangesien dit die belangrikste beperkende voedingstof gedurende die winter is. Alhoewel die inname van die winterlek (192 g/dier/dag) ver onder die aanbevole daaglikse inname van 270–380 g/vers per dag was, blyk dit dat dierproduksie nie nadelig beïnvloed is nie, aangesien die groepe steeds gedurende hierdie periode gewig kon optel.

Fosfaat-byvoeding het algemene praktyk in Suid-Afrika geword. Die



gemiddelde daaglikse innames van aanvullende fosfaat in die somer was 4,9 g/dier/dag vir B1; 5,0 g/dier/dag vir B2; en 3,8 g/dier/dag vir B3. Slegs B3 het vlakke van fosfaat onder die aanbevole minimum van 5,1 g P per dier per dag verbruik. ’n Moontlike rede vir die lae inname van aanvullende fosfaat deur B3 kan goed bewaarde veld wees. Die vraag bly egter tot watter mate hierdie resultate herhaal sou word onder toestande van oorbeweiding, wat algemeen voorkom.

Die liggaamsgewigte aan die einde van elke jaar vir al drie groepe oor die driejaar periode was goed binne die optimale gewigreeks. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid om verse tot voor-teelgewigte te voer wat 60% tot 65% van die dier se beraamde volwasse gewig verteenwoordig. Slegs wanneer verse die geneties bepaalde gewig bereik, kan hoë dragtigheidsyfers verkry word.

’n Liggaamskondisietelling van 5 tot 6 (uit ’n maksimum van 9) word as ideaal beskou vir verse tydens teel. Die kondisie van verse gedurende die periode ná speen beïnvloed dragtigheidsyfers tydens eerste blootstelling aan ’n bul, en verse wat te maer of te vet is voor die teelseisoen, ondervind groter probleme om dragtig te raak. Dierkundiges stem saam dat ’n hoë voedingsvlak nadelig is vir oösietkwaliteit by nulipare verse met ’n matig hoë LKT. Die effek van voedingsvlak op oösietkwaliteit is afhanklik van die liggaamskondisie van die dier. Hoë voedingsvlakke verbeter post-bevrugtingsontwikkeling by diere met ’n lae LKT, maar verminder dit by diere met ’n goeie LKT. Hierdie effekte is ook kumulatief, met blastosistopbrengste wat oor tyd verswak by verse met ’n matig goeie liggaamskondisie in vergelyking met verse met ’n laer liggaamskondisie.

Aan die einde van elke produksiejaar was geen van die drie groepe in staat om die teiken-teel LKT van 5 tot 6 te bereik nie (sien Tabel 6). Die groepe is egter eers die daaropvolgende November aan ’n bul blootgestel. Dit sou dus belangrik wees om te verseker dat verse voldoende liggaamsvet op lente weiding opbou voordat hulle gedek word. Hierdie resultate stem ooreen met bevindings wat tot die gevolgtrekking kom dat weidingsherstel groeiperiodes benut kan word en ’n geleentheid bied om voerkoste te verlaag.

Studies vanaf verskeie lokaliteite dui daarop dat die beperking van liggaamsgewig by ontwikkelende verse op dormante winterweiding ekonomiese voordele inhou en moontlik diere lewer wat beter aangepas is om hulself as koeie te onderhou, in vergelyking met programme waar verse tot ’n hoër teikengewig ontwikkel word.






# Voerkraalkontaknommers

Hier is ‘n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of ‘n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid)<br>082 774 4952 | Johan Botha -<br>082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick -<br>071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid)<br>083 300 1131 | Thys Fourie -<br>083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala<br>083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser -<br>082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl -<br>083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid)<br>082 857 5022 | Arnold Durr –<br>082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid)<br>082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie -<br>082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid)<br>082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit,<br>+264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid)<br>082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff -<br>078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| | **NOORDWES** | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| | **GAUTENG** | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk -<br>072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee -<br>082 600 8374 |
| | **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.




**Bemagtig jouself met kennis, en laat die feite jou lei.**
Daar is 'n WhatsApp-groep gestig waarop inligting oor Bek- en Klouseer versprei word. Word gerus deel deur hierdie skakel te volg: https://chat.whatsapp.com/CmSZdLfbFpZF5HSGzXvfJt?mode=gi_t
Enige menings, interpretasies of voorstelle wat in hierdie groep uitgespreek word, is dié van individuele lede en moet nie beskou word as amptelike kommunikasie, beleid of standpunt van DRBSA nie



## PLATINUM

Voermol

GALLAGHER

## GOUD

Swift VEE

## SILWER

MOLATEK

## BRONS

LIONEL'S VETERINARY SUPPLIES

BONHEIM DRAKENSBERGER

VLEISSENTRAAL

unistel Medical Laboratories

Virbac

HOOF TRIMMING DairySmid

# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!



**BLACK FOX BF**
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS BH**
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLOUBOSPUT FK**
KOOPMANSFONTEIN
Francois Weideman
082 948 2161
bloubosput@gmail.com

**BLYDE DBB**
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE SS**
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM BO**
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

**BRAKENJAN FD**
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY BV**
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA JJ**
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA C**
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM D**
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL DK**
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D XWX**
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE AAD**
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX RG**
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON F**
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**GRASMUNT CL**
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET G**
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK PU**
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL VN**
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL HAS**
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE HP**
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS CH**
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE SL**
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT HN**
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za



## Stoettelers
(vervolg)

**INFRACOR IR**
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za

**JESUMAR LL**
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY MM**
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE BJ**
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA BZ**
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU JR**
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA NB**
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS NBD**
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE NY**
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN JP**
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG PV**
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN QH**
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA JDE**
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL R**
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS GR**
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE JE**
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME NW**
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI SK**
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SSENDRA TD**
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN T**
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL MF**
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS VD**
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND VL**
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG U**
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

### BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA

